



Die “vroue-kwessie” in die GKSA¹

Ronel Pieterse
Vakgroep Teologie
PU vir CHO (Vaaldrivehoekkampus)
VANDERBIJLPARK
Epos: ronelpieterse@freemail.absa.co.za

Abstract

The issue about women in the Reformed Churches in South Africa (GKSA)

This article provides a summary of the views of church members in the GKSA (Reformed Churches in South Africa) on women. According to traditional views a woman's primary role and task are limited to the home where she has to be a wife to her husband and a mother to her children. The perception is that she does not have a role within society or politics. Furthermore her role in the church has been limited to activities regarded as in harmony with the view of women as housewives. Women have objected to this delimiting view of their role and task in society and church, especially because it is not in harmony with the restitution that Christ has effected for women. In the GKSA, especially the fact that women are not allowed to serve as deacon, elder or minister, is experienced as contradictory to women's restitution. The article provides a synopsis of the way in which the GKSA has dealt with the issue of women in office. In several reports of Synod, many positive things have been written about women. The church, however, has been reluctant to translate words into actions and allow women to use their gifts fully in the church.

1 Hierdie artikel spruit voort uit 'n subprojek, “Die vrou in kerk en samelewing”, van die navorsingsfokusarea, *Die gereformeerde teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing*, van die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO. Binne die subprojek: “Die vrou in kerk en samelewing”, is onderskei tussen verskillende afdelings. Die tema van hierdie artikel is vervat in afdeling C, wat handel oor “Die status en rol van vroue in prominente godsdienstige tradisies”. Hierdie komponent van die projek fokus op historiese en etiese sake en betrek persepsies van en beskouings oor vroue binne prominente godsdienstige tradisies.

Opsomming

Die "vroue-kwessie" in die GKSA

In hierdie artikel word 'n oorsig gegee van lidmate in die GKSA se beskouing van vroue waarvolgens haar primêre rol en taak beperk is tot die huis waar sy 'n vrou vir haar man en 'n ma vir haar kinders moes wees. Sy het dus nie 'n taak ten opsigte van die samelewing of politiek gehad nie. Ook in die kerk is haar rol beperk tot aktiwiteite wat ingepas het by die siening oor haar as huisvrou. Vroue het in opstand gekom teen hierdie beperkende siening oor hulle rol en taak in die samelewing en die kerk, veral omdat dit nie gerym het met die herstelde posisie wat Christus vir die vrou bewerk het nie. In die GKSA word veral die feit dat vroue nie in die besondere dienste kan dien nie, ervaar as 'n negering van hierdie herstelde posisie. 'n Oorsig van die GKSA se hantering van die vrou in die besondere dienste word in dié artikel gegee. In verskeie sinoderapporte word baie positiewe dinge oor die vrou geskryf. Daar is egter 'n huiwering om tot die volle konsekwensies van dit wat gesê word oor te gaan en vroue toe te laat om ook hulle gawes volledig in die kerk uit te leef.

1. Inleiding

In hierdie artikel word gefokus op die beskouing aangaande vroue deur lidmate van die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) ten opsigte van hulle rol en taak in kerk en samelewing. Om hierdie beskouing van vroue na te gaan, is op tweeërlei wyses te werk gegaan.

In die eerste instansie is gebruik gemaak van GKSA-lidmate se opinies soos geformuleer in artikels, kommentaar en opmerkings in *Die Kerkblad* en *Die Gereformeerde Vroueblad*, om sodoende ook vas te stel wat daar oor die algemeen deur lidmate oor die vrou gedink is. Hierdie publikasies is albei populêre tydskrifte wat deur Deputate vir Publikasies van die GKSA uitgegee word.

Tweedens is die Handeling van die GKSA se Nasionale Sinodes² deurgegaan vir besluite rondom sake ten opsigte van die vrou. Hierdie verslae verteenwoordig dan 'n meer "amptelike siening" oor wie en wat die vrou is of veronderstel is om te wees.

2 Wanneer daar in die artikel verwys word na *die sinode* verwys dit na die Nasionale Sinode van die GKSA.

2. Die beskouing van die vrou in die GKSA

2.1 Haar rol en taak: huislik en persoonlik

- **Primêre taak as huisvrou**

In 1916 het mans van die GKSA tydens 'n algemene vergadering die rol en taak van die vrou bespreek. Die konklusie van hierdie diskussie was dat die vrou se plek by die huis was. Haar hoogste roeping was om 'n tuiste vir haar man en kinders te skep. Dit was ook God se roeping vir die vrou om te trou en slegs omdat sekere mans geweier het om te trou, was daar sommige vroue wat genoodsaak was om vir hulle eie inkomste te sorg. Hierdie mans moes egter gestraf word deur hoër belasting te betaal en geen stemreg te hê nie (Du Toit, 1916:2).

Hierdie mans het die lof van die huisvrou besing. Die feit dat sy sulke alledaagse werk gedoen het soos om drie etes per dag voor te berei, die huis skoon te maak, die hele dag in die dowwe lig van die huis te bly terwyl die mans buite in die sonskyn was, was inderdaad aangeprys. In hierdie verband het hulle gedink aan die man wat die Here gedink het dat hy nie 'n vrou was nie. Die rol en taak wat vir die vrou uitgedink was, was van so 'n aard dat die mans bly was dat hulle dit nie hoef te doen nie. Hulle was inderdaad bly hulle was mans (Du Toit, 1916:2).

Dit was tot ongeveer 1960 steeds die algemene opinie van mans en sommige vroue dat die vrou se primêre roeping in die wêreld was om huisvrou te wees (Postma, 1959:14; Van der Vyver, 1959:15).

- **Voorskrifte ten opsigte van kleredrag**

Benewens die feit dat vroue tot hulle huise beperk is, moes vroue ook op 'n sekere manier aantrek. Wanneer daar oor hierdie onderwerp geles word, kan drie trekke onderskei word.

Eerstens, vroue moes hulle tot so 'n mate vroulik klee dat hulle daardeur duidelik die gesag van die man erken. Hulle kleredrag moes dus toonbeeld wees van hulle onderdanigheid (Kempff, 1978:9).

Tweedens was vroue ernstig vermaan indien hulle kleredrag enigszins skamel was (in 1920 en 1930!) omdat dit net mans se persepsies oor die vroulike geslag bevestig het – sy was die verleidster.

In baie artikels het mans vroue wat moderne klere gedra het wat hulle arms en bene ontbloot was, vermaan. Hierdie vroue is as wêrelds veroordeel (Anon., 1928:4-7). Mans het selfs so ver gegaan om vroue te blameer dat hulle daarop uit is om mans doelbewus te verlei en dus

veroorzaak dat hulle (die mans) hel toe gaan. Hierdie uitspraak was gemaak teenoor Christenvroue (Van der Walt, 1928:484).

Derdens was dit die opinie van mans dat vroue onder geen omstandighede langbroeke kon dra nie. Volgens hulle was dit teen die Woord van God. Na aanleiding van Deuteronomium 22:5 was hulle oortuig dat vroue wat langbroeke gedra het, veroordeel staan voor God (Kruger, 1947:13).

Vrou, jonk of oud, gedenk as jy 'n broek gaan aantrek om berg te klim of vir ander doeleindes, dan skend jy een van Gods heilige bevele en hy sal jou nie onskuldig hou nie, maar jou met regvaardige straf besoek (Van der Walt, 1928:484).

Volgens dié siening was die enigste rede waarom vroue langbroeke wou dra, om hulle gelykheid met mans te bewys (Kruger, 1949:15).

Oor die algemeen was vroue onder die vergrootglas geplaas ten opsigte van elke aspek van hulle voorkoms. Hulle was gekritiseer as hulle te veel (langbroeke) of te min (ontblote bene en arms) gedra het, te veel of te min grimering gedra het, gerook het, gedrink het, ensovoorts. Hulle is vermaan dat die bruid van Christus nie hierdie dinge doen nie (Vorster, 1947:12).

2.2 Haar rol en taak op sosiale en politieke gebied

• **Akademiese opleiding**

Ons voorouers het geglo dat vroue nie akademiese opleiding nodig het nie. In 1910 het 'n skrywe by die sinode gedien waarin gevra is of vroue kon inskryf as studente in die Departement Lettere. Die antwoord was dat hulle wel die klasse kon bywoon, maar dat hulle nie as studente kon inskryf nie. In 1933 het 'n professor Du Plessis gesê dat dit 'n vreemde antwoord was en dat vroue vir enige kursus kon inskryf, selfs teologie (Du Plooy, 1959:173).

Alhoewel dit in dié tyd vir vroue slegs behoorlik geag was om hulle in sekere rigtings soos onderwys en verpleging te bekwaam, het hulle tog toenemend vir al die studierigtings ingeskryf. Baie mans kon nie hierdie nuwe rol van die vrou aanvaar nie, en het hierdie vroue óf gespot óf geïgnoreer. Daar word vertel van baie diskriminerende insidente op die kampus nadat vroue toegelaat is om as studente in te skryf. Een geval was 'n professor wat slegs die manlike studente in sy klas gegroet het. Toe daar op een dag geen mans in die klas was nie, het hy eenvoudig uitgeloop (Combrink, 1994:41). Sodoende het dit baie lank geduur voor dit aanvaar was dat vroue ook intellektuele gawes gehad het wat hulle wou uitleef.

- **By die werkplek**

Aangesien aangeneem is dat dit die vrou se primêre taak was om huisvrou te wees, kon sy nie buitenshuis werk nie (Du Toit, 1916:2).

Vroue wat dit wel gewaag het om te werk is skerp gekritiseer. Daar was baie redes vir die kritiek, maar een wat uitgelig is, is dat sy mans sodoende van werk beroof (Du Toit, 1932:504). Dat vroue nie behoort te werk nie, is beskou as 'n Bybelse waarheid. “Die Skrif prys die moeder-skap, die Skrif prys die huisvrou, die Skrif prys die gelowige vrou” (Du Toit, 1932:504).

Dit was egter nie net mans wat hierdie vroue kritiseer het nie. Daar was ook vroue wat hulle medegeslagsgenote gekritiseer het as wêrelds. Hulle is nie beskou as voorbeeld van die ware vrou van Spreuke 31 nie (Aucamp, 1949:3). Sommige mense het toegegee dat vroue maar kon werk, maar slegs in gevalle waar hulle as helper vir die man optree. Dit was as totaal onbehoorlik beskou dat 'n vrou enige werk doen waar sy 'n meerdere posisie as die man het (Du Plessis, 1933b:625).

- **In die politiek**

Die vrou het geen plek op die politieke terrein gehad nie aangesien die beskouing was dat dit haar primêre taak was om huisvrou te wees (Du Toit, 1916:2). Vroue het daarom ook nie die reg gehad om vir die regering te stem nie.

Op die sinode van 1920 (Acta, 1920:37) is die hele kwessie aangaande vrouestemreg bespreek. 'n Kommissie het bevind dat dit nie Bybels is vir vroue om te stem nie. Die volgende aanhalings en opsommings van hulle redes is uit Bylaag H van die kommissie (Acta:1920:81).

- “Die uitoefening van stemreg is 'n regeeraksie en kom sodanig aan die man as hoof van die gesin toe (1 Tim. 2:12; 1 Kor. 11:3; Tit. 2:5). Hieruit blyk dat deur Gods bestel die vrou in 'n mindere posisie geplaas is ...”
- “Die mindere posisie vloei voort uit die andersoortigheid van wese en aard deur God aan haar toebedeel ... Dis dus nie volgens die *sagmoedige en stille gees* van 'n vrou, wat kostelik is voor God (1 Petr. 3:4), om sig naar buite te laat gelde in die woelinge van publieke lewe nie. Haar roeping lê hoofsaaklik op die terrein van die gesinslewe, waartoe God haar besondere gawes en talente bestem het.”
- Die hele kwessie rondom vrouestemreg spruit voort uit 'n ideologie wat sy oorsprong het in die Franse rewolusie en nie uit die Woord van God nie. Hierdie ideologie leer dat mense gelykwaardige individue is. “As sodanig tree dan die vrou nie op

volgens haar skeppingsordonnansie nie, maar as persoon naas en in gelyke posiesie met die man".

- Die hele kwessie spruit voort uit die sosialistiese invloed van lande soos Engeland en die Verenigde State.
- "Daar egter die politiek, veral die partypolitiek, soms met grofheid en harstogtelikheid gepaard gaan, mag die vrou as swakke vat daaraan nie opgeoffer word nie. Wanneer haar ereplek in die huisgesin op die politieke terrein verskuif word, moet sy in oneer geraak omdat sy daar vanwege haar ingeskape ander geaardheid nooit met die man as die sterkere kan meeding nie."
- As die man nie meer die hoof van die huis is nie, sal die vrou begin aanspraak maak op al sy regte.

Dit kom voor of hierdie bevindings van die kommissie gevorm is deur 'n beskouing van die vrou as "n mindere" van die man.

In 1924 het die vrou egter politieke stemreg verkry. Die mans was nie baie ingenome hiermee nie en op die sinode van 1924 besluit hulle dat hulle aan die regering hulle rapport van 1920 sou stuur (Acta, 1924:55).

In die praktyk was vroue nou egter vry om te doen wat hulle wou. Die mans kon hulle nie keer nie en moes noodwendig van deuntjie verander. Sommige vroue het gesê dat hulle nou optree as helper vir die man omdat hulle nou ook veg vir Skrifwaarhede in die regering. Dit was dus nou rég as hulle stem (Du Plessis, 1933b:626). Ander het gesê dat alhoewel dit teen die oortuiging van die kerk is, vroue nou sondig indien hulle nie stem nie omdat hulle daardeur aan die heidene 'n groter stem verleen (Du Toit, 1945:11). Vroue kon net nie die regte ding doen nie.

2.3 Haar rol en taak in die kerk

Die rol van die vrou in die kerk was totaal gemarginaliseer. Mans het haar taak in die kerk duidelik uitgestippel. Die volgende is net grepe van wat daar in die verlede oor die vrou se rol in die kerk gesê is.

- Sy moet stilbly en haar by die huis laat leer (Du Toit, 1916:2).
- Sy moet haar besighou met Bybelstudie, welsynswerk, kinderopvoeding en evangelisasie (veral van huishulpe) (Du Plessis, 1933d: 678).
- In alles word sy beskryf as hulp vir die man. Sy kon byvoorbeeld help met die meubilering en versiering van die kerk (Kruger, 1949:15).
- Een persoon het selfs gesê dat dit slegs die taak is van die vrou om welsynswerk te doen en niks anders nie (Erasmus, 1945:14)

In die bronne van vroeëre wat nagegaan is, is daar nêrens iets gevind oor die gawes wat God aan sy gemeentes gee en dat vroue ook hierdie gawes het, of hoe vroue hierdie gawes kan uitleef nie. Die vrou moes bloot in die kerk funksioneer volgens die algemene beskouing wat daar oor haar rol en taak was.

• Vrouestemreg in die kerk

Vanweë die beskouing oor die vrou as primêre huisvrou en “mindere” van die man (vgl. ACTA, 1920:81) was dit logies dat die vrou nie stemreg in die kerk gehad het nie. Die kwessie van vrouestemreg het egter met ’n ompad op die kerk se sinodetafel beland via die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES). Die volgende datums is belangrik.

1952 Die sinode besluit om afgevaardigdes te benoem om na die Ekumeniese Sinode van Edinburgh in 1953 te gaan. Hierdie besluit dien as aanloop vir die verdere behandeling van vrouestemreg op latere sinodes (Acta, 1952:52).

1955 Daar word op die sinode gerapporteer dat een van die sake tydens die GES ’n adviesvraag van die Christian Reformed Church van die VSA was. Hierdie vraag het gehandel oor die stemreg van vroue tydens gemeentevergaderings. Die kommissie wat aangewys was om die saak te hanteer, het bevind dat stemreg aan vroue nie op Skriftuurlike gronde geweier kan word nie. Daar word besluit dat vrouestemreg in die kerke gesanksioneer moet word (Acta, 1955:229).

- Die sinode aanvaar ’n voorstel van die deputate om ’n deputaatskap te benoem om die rapport en besluite van die GES nader te bestudeer (Acta, 1955:229).
- Dit is interessant dat daar in die Acta teenstemme genotuleer is omdat die notulering van teenstemme nie volgens die GKSA se kerkregering gebruiklik is nie. Die vraag kan gestel word waarom daar mans was wat gemeen het dat die saak nie ondersoek moes word nie. ’n Mens sou kon aflei dat hulle die *status quo* wou handhaaf.

1958 Die deputate het die rapport bestudeer en lewer hulle verslag. Die GES het onder andere op grond van die gelykheid van man en vrou in Christus die aanbeveling rondom vrouestemreg in die kerk aanvaar. Die deputate se siening benadruk die volgende aspekte:

- Indien vroue sou toegelaat word om te stem omdat hulle deel in die gawes, regte en verpligtinge in eenheid met

Christus, sou dit beteken dat hulle ook toegelaat moet word om self ampsdraers te wees.

- Die GES het nie genoeg eksegetiese van 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 gedoen nie. Die deputate stel die vraag of die uitoefening van stemreg nie ’n vorm van gesagsuitoefening is nie en daarom in stryd is met die vrou se “God verordeneerde staat”.

Die hele kwessie rondom vrouestemreg in die kerk is vir 30 jaar gedebatteer. Opmerkings soos die volgende is waarskynlik spottenderwys gemaak, maar openbaar tog ’n sekere houding wat mans oor vroue gehad het: “My vrou oorstem my elke dag en ek sou nie graag wil ondervind dat sy die reg ook in die kerk uitoefen nie” (Booyens, 1976b:9).

Die hele argument teen vrouestemreg het hoofsaaklik daarvoor gehandel dat vroue nie toegelaat kon word om in die kerk te regeer nie. Hierdie argument is gebaseer op 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2, dieselfde tekste wat vandag gebruik word om vroue uit die ampte te weer. Eers in 1988 word aan vroue stemreg in die kerk gegee (Acta, 1988:507) (vgl. punt 5).

• Die hoedekwessie

Alhoewel dit vandag totaal belaglik klink, was die dra van hoede ’n paar dekades gelede ’n wesenlike kwessie. Sommige mans het selfs geglo dat vroue sondig indien hulle hulle hare afsny. Dit is gesien as ’n daad waardeur vroue die gesag wat God aan mans oor vroue gegee het, wou afskud. Hulle wou dus nie meer God se ordereelings gehoorsaam nie, maar het gekies om wêreldse norme te aanvaar (Anon., 1925:16; Van der Schyff, 1927:15). Sommige mense wou selfs gehad het dat vroue hoede dra wanneer huisgodsdienst gehou is (Roos, 1908:9).

In die sewentigerjare was hierdie onderwerp druk onder bespreking. Sommige vroue het eredienste eenvoudig sonder hulle hoede bygewoon. Hulle is ernstig vermaan. In *Die Kerkblad* is verskillende opinies gehoor.

Sommige mense het daarop aangedring dat vroue hoede dra (Malan, 1976:11), terwyl ander gemeen het dat dit nie so belangrik was nie en dat die Skrif nie die dra van hoede voorskryf nie (Kempff, 1978:9). Ander het die Doppers vermaan omdat hulle alewig wil vashou aan dinge wat nie beginsels is nie (Booyens, 1977:11). Daar was inderdaad belangriker kwessies in die koninkryk van God as die vraag of vroue hoede moes dra of nie.

Daar is ook baie geskryf in *Die Gereformeerde Vroueblad*. Meestal was dit mans wat die vroue aangemoedig het om hoede te dra. Vroue se opinies aangaande die saak is ook natuurlik hierdeur gevorm. Dit sou inderdaad moed van vroue verg om hulle eie opinies te vorm. Daar was egter moedige vroue wat die mans teëgegaan het. Hulle het die dra van hoede as 'n beslommernis beskou –'n gewoonte geskoei op tradisie. Mans wou hulle gewete bind deur iets wat nie in die Skrif voorgeskryf is nie (Anti Hoed, 1975:15).

Hier kan dus weer gesien word dat vroue gebonde was aan 'n sekere gebruik, wat nie die resultaat van Bybelse waarhede was nie, maar 'n sekere interpretasie van die Bybel as gevolg van 'n bepaalde beskouing oor die vrou.

• Die sustersorganisasie

Sedert die stigting van die GKSA het vroue 'n sterk drang gehad om hulleself op so 'n wyse te organiseer dat hulle waarlik hulle opdragte in die amp van die gelowige kon uitleef. Hulle wou graag hulle ondersteuning aan kerkrade en diakonieë gee (Du Plooy, 1959:89).

Om meer te kon verrig, het hulle die sustersorganisasie gestig. In menige kerke het die vroue saamgekom en baie welsynswerk, fondsinsameling en spyseniering gedoen. Hulle het ook samekomste gehou waar hulle geestelik verryk is.

Hulle wou met die *Susters* van ander kerke meewerk en dit was die begin van die Nasionale sustersvereniging wat in 1932 formeel gestig is. Hulle het ook 'n eie tydskrif uitgegee waarin vrouesake gehanteer is. In 1946 is die eerste *Gereformeerde Vroueblad* gepubliseer.

Vroue het hulleself dus ook beskou as 'n groep binne 'n groep wat apart moet funksioneer om 'n plek in die kerk te hê om hulleself te kon uitleef. Hierdie poging tot selfstandigheid was egter nie sonder probleme nie.³ In 1933 is die stigting van die organisasie gekritiseer as onbybels omdat die vroue hulle eie bestuursliggaam gehad het. Vroue moes aan alle mans onderdanig wees (Kruger, 1933:408). Die saak is nie net in die kerklike tydskrifte behandel nie, maar beland ook op die sinodetafel. In 1949 is deputate aangewys om leiding aan die susters te gee: “Die verstandhouding sal dan wees dat die aksie van die susters nie onnodiglik gestrem sal word deur die ampte nie maar op verstandige wyse in die regte bane gelei sal word” (Acta, 1949:84).

3 In hierdie verband kan 'n mens ook dink aan die “nonnekultuur” in die Rooms-Katolieke Kerk. Toe vroue nie toegang gekry het tot hierdie kerk se “amptelike” bediening nie, het hulle hulleself apart georganiseer. Dit het vir hulle baie probleme veroorsaak.

In 1964 is die kwessie rondom die provinsiale en nasionale sustersvereniging bespreek. Die volgende bevindings het hieruit voortgespruit:

- Die vroue kan plaaslik onder die lokale kerkrade se toesig funksioneer, maar die provinsiale en nasionale sustersverenigings moes ontbind.
- *Die Gereformeerde Vroueblad* sou ook nie meer deur die vroue uitgegee word nie, maar deur die deputate van *Die Kerkblad* (Acta, 1964:526).

Die rede vir hierdie besluite was dat daar nie 'n organisasie binne die kerk kon wees nie. Die vroue wou buite die kerk 'n organisasie vorm, maar die sinode het dit ook afgekeur. Die mans het dus besef dat daar nie 'n organisasie binne die kerk behoort te wees nie. In plaas daarvan om die sisteem, wat die stigting van so 'n organisasie nodig gemaak het, te bevraagteken en te herstel, is die vroue net verder passief gemaak.

2.4 Gedemp en voorgeskryf

Uit hierdie afdeling kan gesien word dat vroue beskou is as 'n huishoudelike hulp wat nie akademies gekwalifiseer behoort te word nie, nie buitenshuis behoort te werk nie en nie 'n rol in die regering moes speel nie. Verder is hulle in detail voorgeskryf wat om te doen – omtrent in elke aspek van hulle lewens. Hieruit vloei dan voort dat die rol en taak wat die vrou in die kerk sou hê, minimaal sou wees.

Die rede vir hierdie beskouing oor en persepsies van die vrou kan myns insiens gevind word in die resultaat van die sondeval. Die sondeval het die harmonie wat daar tussen die geslagte bestaan het, dramaties versteur. Die straf van God en die implikasies daarvan op die man en vrou se verhouding met mekaar is steeds vandag sigbaar. In Genesis 3:16 staan: "Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers." 'n Nuwe patriargale tydperk is geskoei op hierdie woorde en daar is geglo dat die man nie net oor sy vrou heers nie, maar oor die hele gesin (Tucker, 1992:57). "In the patriarchy the power of the male over females was direct, personal and absolute. In each stage of her life a woman was under the civil authority of a specific man" (Martin, 1988:34).

Hierdie sondige heerssug van die man oor die vrou kan deur die geskiedenis gesien word. Op sigself sal hierdie 'n interessante tema wees vir navorsing. Hier volg slegs 'n paar pennestrepe.

- Volgens Tucker (1992:63) het mans vroue dermate ondergeskik gestel dat die Here in die Ou Testament wette moes instel om vroue te beskerm.

- In die Rabbynse Jodendom was die vrou 'n tweedehandse wese wat verdra is, maar wat nie op straat gesien behoort te word nie, behalwe om water te gaan haal. Verder is sy nie aanvaar as getuie in 'n hof nie en is sy slegs toegelaat is om in die voorhof van die tempel te sit (Coetzee; 1975:17).
- Die vrou is deur verskillende Kerkvaders op die volgende maniere beskou: nie beeld van God nie, die oorsprong van alle sonde, die poort na die hel en natuurlik minderwaardig teenoor die man (vgl. Coyle, 1993:117-167; Wilkens, 1991:87).
- In die Middeleeue was vroue selfs uitgelewer aan dinge soos "hekse-jagtery" (vgl. Bot, 1990:236).
- Ook tydens die Reformasie het sy steeds nie tot haar reg gekom nie (vgl. Tucker, 1992:160-165).

3. Die rebellie van die vrou

Alhoewel vroue deur die jare gediend was met die algemene beskouing oor hulle taak en rol, het baie vroue teen hierdie algemene beskouing in opstand gekom. Vroue het geweier om langer in huise opgesluit te wees en wou vry wees om hulle potensiaal in die samelewing, op politieke terrein en in die kerk uit te leef. Dit het aanleiding gegee tot die opkoms van die feminisme.

The feminist movement and feminist thought have made an extraordinary impact in the social sciences and humanities over the past twenty or thirty years. Feminism, of course, has a long history and for something like two centuries women authors have produced works attacking male-dominated society and suggesting avenues of women's emancipation (Giddens, 1994:1).

Dit was egter nie net in die samelewing waar die vrou ontevrede was met die stand van sake nie, maar ook in die kerk. Die wyse waarop sy in die kerk funksioneer het, of toegelaat is om te funksioneer, het nie ooreengestem met die herskepte posisie wat Christus vir haar gehad het nie. Jesus se optrede teenoor die vrou bevestig dat hy nie vir haar 'n minderwaardige plek in die kerk bestem het nie (vgl. Joh. 4:2-42; Luk. 10:42; Matt. 15:28; 26:13).

Die plek wat vandag aan die vrou in die kerk "toegeken" word, verskil ook van die plek wat vroue in die vroeë kerk gehad het (vgl. Hand. 16:14, 15; 18:26; 21:9; Fil. 4:2, 3; Rom. 16). In die vroeë kerk was vroue volwaardige lidmate en het as 't ware skouer aan skouer saam met die manlike lidmate gewerk.

Vroue het dus met verloop van tyd toenemend in opstand gekom oor die wyse waarop hulle in die samelewing en kerk behandel is.

3.1 Haar rol en taak in die huis

Die siening dat die huis die enigste plek is wat wat vir die vrou bestem was, was 'n siening wat stadig maar seker begin verander het. Baie redes kan daarvoor aangedui word. Vroue was moeg vir hulle tradisionele rol, hulle was akademies beter gekwalifiseer. 'n Ander rede wat soms uit die oog verloor word, is die ontwikkeling van die tegnologie. Die wêreld het in die afgelope eeu so verander dat dit 'n wesenlike verandering in huishoudings veroorsaak het. In die verlede was dit inderdaad 'n voltydse beroep om 'n huishouding te bestuur. Vandag het ons egter wasmasjiene, tuimeldroërs, elektriese stowe, yskaste, vrieskaste, kitskos, ensovoorts. Dit het veroorsaak dat die eens besige huisvrou nou meer tyd voor hande het (vgl. Botha, 1972:14).

Materialisme veroorsaak ook dat mense meer geld nodig het om hulle lewenstandaard te handhaaf. In baie tydskrifte en op televisie word wêreldse dinge aan mense voorgehou as noodsaaklikhede. Mense moet harder en harder werk om al hierdie dinge te bekom. Mans kan nie meer alleen die mas opkom nie en dit het veroorsaak dat vroue ook buitenshuis gaan werk.

3.2 Haar rol in die samelewing

Baie vroue het uit die huis beweeg om hulle stempel op die samelewing af te druk. Alhoewel die meeste vroue hulle nuutgevonde vryheid geniet het, was daar steeds mense, selfs vroue, wat hulle gekritiseer het. Daar is aangevoer dat vroue wat die huis verlaat het, nie hulle hoofopdrag in die lewe, naamlik om hulle huise te versorg, nagekom het nie (Rina, 1951:12).

Vroue in die werkplek het egter gevoel dat hulle 'n waardevolle bydrae tot die samelewing maak. Die begeerte wat baie gehad het om hulle gawes en talente ook buite die huis uit te leef is uiteindelik gerealiseer.

In later jare is vroue selfs aangemoedig om meer betrokke te wees by die politiek en 'n lewe buite die huis. Die situasie en sienswyse het tot so 'n mate verander dat beweer is dat die vrou eers waarlik haar rol as vrou vervul het as sy orals gebalanseerd betrokke was (Anon., 1985a:10).

Vroue moes voortaan 'n dubbele rol vervul. Sy moes nie net betrokke wees in die huis nie, maar ook in die samelewing. Baie vroue het gevoel dat hulle nou werklik 'n groter aanwinst vir hulle huise kon wees omdat hulle nie meer die frustrasie ervaar het om vasgekluiser te sit nie.

Tewens dit het aan die lig gekom dat die beroepsvrou dikwels 'n beter moeder is omdat sy minder geïriteerd en gefrustreerd is met haar ingeperktheid, gebrek aan gespreksgenote, eensaamheid en sielsonbevredigende sleurbestaan van skoonmaak om maar weer vuil te word, kos te kook om opgeëet te word, klere maak wat weer opraak ... Sy word beter eggenoot omdat haar man sy verwikkelde lewe met haar kan deel, omdat sy minstens met hom kan kommunikeer (Van Zyl, 1979:4).

Dit word van die vrou van die 21ste eeu verwag om 'n soort superwese te wees. Sy moet die beste in haar beroep wees, gelukkig getroud, topma, bobaaskok, spesialisuinier, aktief in die samelewing en op hoogte van wêreldsake – inderdaad baie gevra vir enige mens.

3.3 Haar rol in die kerk

Vroue het al hoe meer tot hulle reg gekom in die samelewing en het al hoe meer vrae gevra oor hulle rol in die kerk.

- Hoekom moet ons net tee en koek bedien?
- Waarom moet ons hoede dra?
- Waarom mag ons nie stem vir die kerkraad nie?
- Waarom word ons verhinder om ons gawes ook in die besondere dienste uit te leef?

Baie van hierdie sake is al deur die jare opgelos. Die kwessie van die vrou in die besondere dienste is egter nog aktueel en brandend.

In 1962 het Hattingh (1962:10) 'n baie verligte artikel oor die taak en plek van die vrou in die kerk geskryf. Wanneer daar oor die vrou in die kerk gepraat word, moet eerder gepraat word van die rol van die suster in die kerk. In die kerk is dit in haar gemeenskap met Christus dat sy nie man of vrou is nie, maar medegelowige. Die vrou het haar stempel op die wêreld afgedruk en die kerk kan dit nie langer ignoreer en blind wees daarvoor nie.

Indien die kerk werklik nog relevant in die samelewing wil bly, sal dit die eensydige mangesentreerde benadering moet laat vaar en vir die vrou die ruimte bied wat sy moet hê – aldus Hattingh (1962:10): “Dit is die feit wat nie betwis kan word nie, as die kerk as Militia Christi in die moderne lewe sy slag wil lewer, dat die kerk sy tekort aan duisende geskoolde hulptroepe te bowe moet kom”.

Baie vroue is nog vandag gefrusteerd oor 'n sisteem waar daar nie plek vir hulle is, of gemaak wil word nie. Veral die hele saak rondom die vrou

in die besondere dienste het ’n doring in die vlees geword. Vanuit gesprekke met baie vroue het dit duidelik geword dat baie die roeping van die Here beleef het om bedienaars van die Woord te word. As gevolg van die GKSA se standpunt oor die saak, het baie óf maar iets anders gedoen óf die kerk verlaat om in ’n ander kerk hulle roeping uit te leef. Baie ouer vroue voel tot vandag toe hartseer dat hulle nie hulle roeping ten volle kon uitleef nie.

Sommige vroue het egter wel die roeping in die GKSA probeer opvolg en met hulle studie in Teologie begin. Die eerste vrou het in 1979 haar studie aan die Teologiese Skool begin en sederdien het vier vroue hulle studie voltooi. ’n Hele paar is tans ingeskryf vir dié kursus.

Vroue het toenemend begin om hulle misnoeë met die hantering van die hele saak te kenne te gee. Na die sinode van 1985 het Coetzee (1985:5) geskryf dat sy nie ’n openheid by mans beleef het nie. Hulle het net die saak van die tafel afgegee. ’n Ander skryf dat sy moeg is vir die kerk se blatante ignorering van die vrou (Grobler, 1985:34).

In 1999 is die hele saak selfs in die koerant gedebatteer.

Die roeping van kerkraadslede in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is volgens die huidige wetgewing openlik diskriminerend omdat vroue nie oorweeg word nie, sê advokaat Hein Kruger wat self lidmaat van die GKSA is (Jackson, 2000:18).

... diskriminasie teen vroue in die kerk is nog lank nie iets van die verlede nie. Nêrens is dit so duidelik as in my kerk – die Gereformeerde Kerk, nie ... Die onvermoë van my kerk om hierdie saak te hanteer, is egter besig om my baie te laat wonder oor hoe welkom ek en my gawes dan nou eintlik in hierdie organisasie is. Ons gemeentes sukkel om diakonieë vol te maak, maar weier om bereidwillige en begaafde vroue by hierdie sake te betrek (Coetzee van Rooy, 1999:8).

Ek kan nie glo dat ons in hierdie eeu steeds die priesterskap van gelowiges (vroulikes ingesluit) misken nie (Brits, 1999:14).

Daar is baie vroue én mans wat nie saamstem met die huidige beperkte rol wat daar vir die vrou in die kerk is nie.

3.4 In Christus – almal gelyk

Vroue wat deur jare binne ’n patriargale sisteem oningelig was en so gehou is, het die implikasies van ’n teks soos Galasiërs 3:28 opnuut besef en in hulle lewens toegepas. Hulle het uit die huis, die kokon wat vir hulle “bestem” is, wegbeweeg en hulle stempel op die samelewing

afgedruk. Op hierdie terrein moes hulle veg vir gelyke regte met die man en was daar, en word daar soms nog steeds, teen hulle gediskrimineer.

Hierdie stryd in die maatskappy het ook 'n invloed op mense se siening oor die funksionering van die kerk gehad. Die vrae oor die ongelykheid wat in die kerk te sien is, het meer en meer geword. In ander kerke is baie van hierdie vrae reeds gehanteer en is daar regtens nie meer ongelykheid tussen manlike en vroulike lidmate nie. In die Gereformeerde Kerke is die saak oor die vrou se uitsluiting uit die besondere dienste steeds brandend. In die volgende punt word die GKSA se hantering van dié saak uiteengesit.

4. Die vrou in die besondere dienste⁴

Die hele saak rondom vroue as ampsdraers is nie nuut nie. Reeds in 1935 het mense al gepleit vir vroue-ouderlinge en -predikante. Die rede vir dié pleidooi was dat ander kerke dit wel toegelaat het en dat die tyd daarvoor ryp is (nogal in 1935). Du Toit (1935:354) het slegs gestel dat dit verbied word in die Bybel en dat vroue vrede daarmee moet maak.

Die kwessie van vroue in die diens van diaken was altyd meer oop vir diskussie (Du Plessis, 1933c:653) en die kerk kon nooit eintlik regtig sê waarom vroue nie tot hierdie spesifieke diens toegelaat kon word nie.

Wanneer ook al die vraag rondom die vrou in die amp bespreek word, sal mans heel dikwels sê dat vroue wél in 'n amp is, die amp van die gelowige. Dit is dan in hiérdie amp dat die vrou al haar gawes moet uitleef (De Klerk, 1957:14; Booyens, 1976a:6). In hierdie opsigte sou die vraag gestel kan word waarom daar dan mans sou wees wat graag in 'n besondere diens wou dien as dit voldoende was om net jou geloof in die amp van die gelowige te kan uitleef?

In 1973 het dr. Boëseken 'n artikel geskryf oor die vrou in die kerk en die vrou in die Bybel, en het sy tot die konklusie kom dat hierdie twee vroue nie dieselfde vroue is nie. Sy beweer dat die kerk in die 17de eeu gestagneer het en dat ons weier om na die Heilige Gees te luister vir leiding. Sy lewer 'n pleidooi vir die plek van die vrou in die kerk soos wat Christus dit bestem het.

Daarom is dit my pleidooi dat die Kerk, ons Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, op Bybelse gronde gebruik sal maak van die gawes van hart, en hoof en hand van alle belydende lidmate, sodat almal saam

4 Die woord "amp" en "besondere dienste" word afwisselend gebruik om te verwys na die besondere dienste/amp te in die GKSA, naamlik dié van predikant, ouderling en diaken.

met die Drie-Enige God, ook in die ampte kan dien in gees en in waarheid (Boëseken, 1973:14).

Dit was dan ook in hierdie tyd dat die saak oor die rol van die vrou op die sinodetafel geland het.

4.1 Historiese oorsig

In hierdie gedeelte word 'n historiese oorsig van die hantering van die saak op sinodes weergegee.

- **Die sewentigerjare**

1973

Op die GES van 1972 is besluit dat vroue nie tot die ampte van ouderling of predikant toegelaat kan word nie en dat daar nie genoeg studie gedoen is oor die vraag of die vrou in die diakenamp toegelaat kon word nie. Hulle het al die lidkerke gevra om 'n studie hieroor te doen en 'n rapport beskikbaar te stel vir die sinode van 1976. Die sinode van die GKSA het besluit om deputate te benoem om die moontlikheid dat vroue in die verskillende ampte kan dien te ondersoek. Hulle het egter nooit deputate benoem nie (Acta, 1973:118,119).

1979

Op hierdie sinode (Acta, 1979:563,564) was twee beskrywingspunte aangaande die vrou in die besondere dienste op die agenda.

Die eerste was van die Partikuliere Sinode van Noord-Transvaal wat die sinode vra om die posisie en taak van die vrou in die kerk ten opsigte van ampte, dienswerk en hulle reg om te stem, vas te stel.

Die tweede was van die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal wat dit onder die sinode se aandag wou bring dat daar in 1973 nie deputate benoem is om die saak rondom die vrou te ondersoek nie. So, eventueel ses jaar later, word daar wel deputate benoem om die posisie en taak van die vrou vas te stel. Die deputate het die opdrag gekry om "in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde, 'n studie te maak van die taak en posisie van die vrou in die kerk m.b.t ampte, diens en stemreg" (Acta, 1979:565).

- **Die tagtigerjare**

1982

Die deputate het 'n intensiewe studie rondom die saak gedoen, maar was nie gereed om 'n uitspraak oor die saak te lewer nie. In 'n minderheidsrapport is gevra dat konsepte soos *stemreg* en *amp* ondersoek moes word. Die kerke moes hulle ook deeglik vergewis van studieresultate van die GES en ander kerke. Die deputate is weer afgevaardig met dieselfde mandaat (Acta, 1982:502).

1985

Dié rapport het bestaan uit die volgende kernsake: die posisie van die vrou in die kerk, regering in die kerk, konsepte soos kiesreg en stemreg, die woord “amp” en die onderskeid tussen die ampte.

Relevante gevolgtrekkings van die sinode soos gestel in die Acta (1985:329) sluit die volgende in:

- Belydende lidmate wat tot die vroulike geslag behoort, is *volledige* en *volwaardige* lidmate van 'n kerk.
- Daar is geen gegewens in die Skrif en in die Gereformeerde kerkreg wat verhinder dat belydende lidmate wat tot die vroulike geslag behoort, by die roeping van ouderlinge, predikante en diakens mag meewerk nie. Inteendeel, die hele struktuur van die Nuwe-Testamentiese boodskap ontsluit hierdie moontlikheid vir alle mondige lede van die liggaam van Christus.
- Omdat Christus self sy kerk regeer en Hy sy mag nooit aan 'n kerkraad of aan 'n sinode oordra nie, is die uitoefening van gesag in die kerk altyd *bedienende gesag* en nooit regeermag nie.

Die bevindings waaroor die sinode moes besluit, was dat vroue kon stem vir ampsdraers en dat vroue toegelaat kon word tot die diakenamp.

As gevolg van “inherente gebreke” en die voorlopigheid van die rapport is besluit om nog verdere studie rondom die saak onderneem. Ná die sinode van 1985 het sommige broers gemeen dat daar nou heeltemaal genoeg studie oor die saak gedoen is en omdat daar nog steeds onenigheid oor die saak was, dat dit van die tafel gevee moet word (Anon., 1985b:11).

1988

Ten opsigte van die stemreg van vroue besluit die sinode dat omdat vroue volwaardige lede is van die liggaam van Christus, kan hulle ook deel hê aan die verkiesing van manslidmate tot die besondere dienste (Acta, 1988:507).

Dit is interessant dat daar nie direkte nuwe Skrif-, belydenis of kerkordelike gegewens was wat die besluit genoodsaak het nie, maar die beginsel van gelykheid tussen man en vrou, wat vorige sinodes nie wou handhaaf nie.

Deel 2 van die studie het gehandel oor die plek van die vrou in die besondere ampte.

Die deputate het bestaan uit verskeie kundige medewerkers en 'n indringende studie is oor die saak onderneem. Positiewe stellings soos die volgende is gemaak:

In Christus breek daar vir die verlore vrou 'n nuwe bedeling aan en verwerklik die Here sy oorspronklike bedoeling met die man en die vrou deur die beeld van God in die mens te herstel. Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos hy dit goeddink (Acta, 1988:519).

Die volgende aanbeveling is egter afgekeur:

In besondere omstandighede, wanneer dit noodsaaklik is, kan vroulike lidmate wat daarvoor besonder gawes van die Gees ontvang het, wel tot besondere dienste geroep word. Uitgaande van die gelykheidsbeginsel van dienste in die kerk sou hierdie roeping vir enige besondere diens geld (Acta, 1988:522).

Die probleem waarmee die rapport uiteindelik geworstel het, is die situasie van die ongetroude vrou. Indien die vrou nie in die besondere dienste kan dien omdat dit die hoofskap van haar man bedreig, watter implikasies het dit dan vir die ongetroude vrou?

Alhoewel die deputate versoek dat verdere studie aangaande die amp en die situasie van die ongetroude vrou gedoen moet word, word dit nie toegestaan nie en meen die sinode dat die saak in hierdie opsig afgehandel is (Acta, 1988:501-524).

- **Die negentigerjare**

- **1994**

In 1994 (Acta, 1994:467) word 'n beswaarskrif van Klassis Boland ontvang teen die besluit van 1988 aangaande die verkiesing van vroue tot die besondere dienste. Hulle begin met hermeneutiese beginsels sodat dit duidelik is dat hulle konklusies ook gegrond is op gereformeerde hermeneutiese beginsels. Hulle beswaarskrif het vyf beswaargronde gehad en 'n kommissie is aangewys om dit te ondersoek. Die volgende is 'n opsomming van dié punte:

- Die Skrif word oorsig in die gevolgtrekkings wat die sinode maak. Hierdie uitgangspunt veronderstel dat die Skrif oor gevalle waaroor duidelikheid verlang word, klinkklare bewyse (tekste) moet bied.
- Die onderskeid tussen die besondere en nie-besondere dienste veronderstel 'n kategorieëse afbakening as *Skriftuurlik*. Die sinode het wel bevind dat vroue sowel in die Ou Testament as die Nuwe Testament tot besonder take geroep is, en tog word gestel “dat nie aangetoon kan word dat hierdie ‘besondere take’ noodwendig met die ‘besondere dienste’ saamgeval het nie”.
- Aanduidings in die Skrif oor die rol van die vroue in die Nuwe-Testamentiese kerk word onderskat.
- Die Bybels-historiese kontekste van huweliksverhoudings en kultuurgebruik en hoe dit verskil van vandag se situasie, word nie in ag geneem nie.
- Die sinode stem ‘reël’ en ‘uitsondering’ toe met betrekking tot vroue in die Ou-Testamentiese ‘ampte’ maar aanvaar nie die konsekwensie daarvan nie.

'n Kommissie is aangewys om die beswaarskrif te beoordeel en het gevind dat dit in geheel nie slaag nie. Hierdie bevinding is deur die sinode aanvaar.

1997

In 1997 word 'n beswaarskrif en 'n beskrywingspunt oor die vrou in die kerk ontvang. Dié beswaarskrif is van die Suidelike Partikuliere Sinode en die kern daarvan is daarin geleë dat die Sinode 1988 'n leemte en onbeantwoorde vrae gelaat het met sy besluit oor die plek van die vrou in die kerk. Die Partikuliere Sinode is van oordeel dat die besluit van die sinode voortydig was omdat dit uit die rapport self blyk dat daar nog onduidelikhede oor die saak is en dat die sinode nie op 'n goed verantwoorde wyse met die Skrif omgaan in die finale beslissing wat geneem is nie (Acta, 1997:547).

Dit is inderdaad vreemd dat die studie met onbeantwoorde vrae beëindig is terwyl die saak van die posisie van die vrou ten opsigte van die dienste toenemend 'n brandende en aktuele vraag in die GKSA geword het.

Die sinode meen egter dat daar nie genoeg tyd is om die beswaar tydens die sinode te hanteer nie en dit word verwys na deputate – nog drie jaar se studie om te besluit of daar verder oor die saak studeer moet word.

Daar is ook 'n beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode van Noord-Transvaal. Die sinode word versoek om aan Deputate opdrag te gee om op grond van relevante sinodebesluite in gesprek te tree met die Kerke met wie ons in korrespondensie staan oor ooreenkomste en verskille wat daar mag bestaan oor die toelating van vroue tot besondere diens en hoe verskille ons kerklike eenheid raak (Acta, 1997:558).

4.2 Die nuwe millennium

Ons is nou in 'n nuwe eeu en steeds gaan die debat voort. Tydens die sinode van 2000 was die volgende punte aangaande die vrou op die agenda.

Die rapport van die deputate van die beswaarskrif van 1997

Die studiedeputate beveel aan dat die beswaar nie slaag nie, omdat die beswaargronde "nie oortuigend" aangetoon is in die beswaarskrif nie. Die kommissie wat die sinode benoem om aanbevelings aan die sinode te maak oor hierdie rapport, beveel aan dat die studiedeputate se rapport goedgekeur word en dat die beswaarskrif dus nie slaag nie. Die sinode besluit om hierdie rapport te aanvaar en die beswaarskrif slaag nie (Acta, 2000:401-409).

Rapport van die deputate aangaande die kerke in korrespondensie

Die besluite van ander kerke met wie die GKSA noue bande het aangaande vroulike ampsdraers is verkry. Daar word bevind dat net twee kerke, by name die Christian Reformed Church en die Nederlandse Gereformeerde Kerk, van die GKSA verskil.

Deputate word benoem om vas te stel of die verskil in standpunt die resultaat van Skrifkritiese hermeneutiek is en hoe dit ons korrespondensie met hulle beïnvloed (Acta, 2000:417).

Beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode van Wes-Transvaal

Hierdie Partikuliere Sinode versoek die sinode om deputate aan te wys om die Skrif te ondersoek oor hoe die Here die vrou in die kerk wil gebruik. In hierdie studie moet die deputate gebruik maak van insette uit die plaaslike kerke. Hierdie versoek word toegestaan en die hoofopdrag aan die deputate is die volgende:

... om met besluite van vorige sinodes as vertrekpunt (vgl. KO artt. 31, 46), 'n studie te maak oor wat in die Skrif geopenbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik (Acta, 2000:440).

Hierdie opdrag kan dus na twee kante toe geïnterpreteer word en dit lyk ook of dit wel so gebeur. Sommige lidmate dink dat die kerke nou hulle finale uitspraak oor die saak gegee het, terwyl ander meen dat die saak van die vrou in die besondere dienste steeds op die tafel is. In die verslaggewing van die opdrag en die implikasies daarvan skets Jackson (2000:13) die onderskeie interpretasies.

Dit sal interessant wees om te sien hoe die deputate oor hierdie opdrag gaan oordeel.

4.3 Die toekoms

In 1933 het Du Plessis (1933a:523) al die vraag gevra:

Ons sal ons ernstig moet afvra by die lig wat ons nou het of ons standpunt oor die vrou in ooreenstemming is met die Skrif en of dit nie verouderd is omdat dit 'n blote menslike tradisie is nie?

Dit is nou amper 70 jaar later en die vraag is nog steeds net so relevant as die dag toe dit gevra is. Is die huidige standpunt van die GKSA aangaande vroue gebaseer op die Skrif of is dit gevorm deur tradisie – 'n tradisie wat deur mans begin is en wat gebind was en is aan 'n spesifieke beskouing oor vroue.

Dit wil voorkom of die kerk waarlik by 'n skeidingspunt aangaande die saak gekom het. Aantygings word heen en weer geslinger. Dit is ook nie net meer 'n saak wat op die teoloë se tafel is nie, maar veroorsaak vurige reaksie van lidmate wat in die openbare pers hulle misnoeë met die situasie te kenne gee. Hierdie misnoeë raak egter meer as net die saak rondom die vrou in die besondere dienste, maar weerspieël 'n negatiewe houding teenoor die kerk.

Besluite rakende die inperking van vroue en die beperkings in die praktyk is 'n euwel, 'n sonde. Die objektivisme van die kerke se leierskap het harte verhard sodat God se roep nie meer gehoor word nie ... Dit is 'n skande dat die kwessie van vroue in die ampte geslagte lank sonder sukses ondersoek word. Apartheid is op dieselfde manier gehanteer en uiteindelik was die GKSA se papiere in orde, maar die dade ontbreek steeds ... Geen man het die reg om namens die vrou te besluit oor haar werk in die kerk nie. ... As Christen kan ek nie swyg oor die onreg in die GKSA en ander kerke nie. Allermens wanneer kerkleiers jou met allerlei aardse kerkordes en prosedurereëlings probeer stilmaak soos in 'n onlangse artikel van 'n kerkblad ... Ek distansieer my van die GKSA se tragiese besluite en praktyke rakende vroue in die spesifieke ampte (Potgieter, 2000:10).

Noem dit diskriminasie of wat ook al, maak nie 'n duidelike verskil aan wat dit werklik is nie. Die kern is: vroue word as tweedeklas lidmate behandel en hul gawes word gewoon geïgnoreer. Vir my het die anderhalf jaar vandat ek uit die kerk is, geestelik meer beteken as die twaalf jaar wat ek lidmaat was. En vir my is dit die verdoemendste en hartseerste ding wat enige mens oor enige kerk kan sê (Kroeze, 1999:14).

... julle sal nog minstens twintig of dertig jaar moet wag voordat die Gereformeerde Kerke die lig sal sien! ... Die kerk het oor die eeue bewys dat hy nie kan tred hou met die werklikhede van die lewe nie (Van der Spoel, 1999:8).

Daar was nog talle ander briewe waarin hierdie negatiewe houding na vore gekom het (vgl. GKSA-ouderling, 1999:10; Van der Linde, 1999:10; Verhoef, 2000:6).

Dit is dus duidelik nie net meer 'n saak oor die vrou in die besondere dienste nie. Die GKSA word gedaag om te wys dat hulle waarlik kerk is in 'n nuwe wêreld en 'n nuwe Suid-Afrika.

4.4 Een tree vorentoe en twee treë terug

Vanaf 1935 is die saak van die vrou in die besondere ampte al onder bespreking. Met elke rapport wat gelewer is, is daar positiewe Bybelse waarhede aangaande die vrou geskryf. Met elke rapport lyk dit egter of die sinode net nie tot die finale konsekwensie van hierdie waarhede kan oorgaan nie. Hoekom nie? Is dit nie as gevolg van 'n onbybelse beskouing oor die vrou as mindere skepsel teenoor die man nie?

Hierdie beskouing oor die vrou het veroorsaak dat die Skrif eensydig geïnterpreteer is en enige ander model is verdag gemaak as "Skrifkrities". In die verlede het hierdie eensydige Skrifinterpretasie veroorsaak dat mense gedink het dat dit Bybelse waarhede is dat vroue net tuisteskeppers behoort te wees, sekere klere behoort te dra, nie kon stem in die land of kerk nie en moes hoede dra. Later het dit duidelik geword dat hierdie sienings nie Bybels was nie. Was dit die gevolg van Skrifkritiese eksegeese? Nee, myns insiens het 'n ander beskouing oor die vrou ook die moontlikhede vir ander Skrifinterpretasies oopgemaak.

Een van die wesen vrae in die debat is: is man en vrou in hulle wese voor God gelyk? Die antwoord op hierdie vraag bepaal grotendeels mense se interpretasie van die tersaaklike Skrifgedeeltes aangaande die vrou in die besondere dienste. Grenz (1995:143) som die ander elemente soos volg op:

Those who would deny women full access to the sacred office of the ministry have argued that there are some deep and significant reasons *in the very nature of things* why men, and only men, should be ministers in the church of Christ. These reasons, whether elaborated in a Roman Catholic or in a Protestant frame of reference finally reduce to three, the nature of woman, the nature of the ministerial office and the nature of God himself.

5. Die tragedie

Die feit dat mans oor vroue wil regeer is in so baie opsigte die resultaat van die sondeval. "... en hy sal oor jou heers" (Gen. 3:16). Mans het deur die eeue oor vroue regeer en gepoog om hulle lewens te reguleer.

Vroue het inderdaad 'n ver pad gekom tot waar hulle hulle vandag bevind. Ongelukkig is dit egter steeds so dat daar mans is wat dink vrouens is 'n "subspesie" laer as mans. Hierdie beskouing beïnvloed noodwendig mense se sienings aangaande haar taak in die kerk, veral ten opsigte van haar toelating tot die besondere dienste.

Dit wil voorkom of daar mense is wat hand en tand sal veg om vroue *op hulle plek* te hou – dit is 'n plek buite die besondere dienste van die kerk. Is dit nie tragies dat 'n kerk soveel tyd en energie spandeer aan 'n saak oor wie God se boodskap kan verkondig terwyl daar miljoene is wat verlore gaan sonder kennis van die Here nie?

Tucker (1992:254) som dié sentiment goed op:

And here is the heart of the issue. When the church is outwardly focused, energy is expended on mission and evangelism and there is little time to fight battles to keep women out of ministry. With the realization that there is far more work to be done than workers to do it, the issue of gender becomes inconsequential. The future of women in ministry then, depends largely on the focus of the church. If our theologians and biblical scholars remain confined to their ivory towers, the future looks bleak, but if they come out and confront the needs of the world, they will quickly realize that men and women must work in true partnership to get the job done.

Bibliografie

- ACTA, 1920. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Bloemfontein : Naspers.
- ACTA, 1924. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Bloemfontein : Naspers.
- ACTA, 1949. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.

- ACTA, 1952. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.
- ACTA, 1955. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.
- ACTA, 1964. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1973. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1979. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1982. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1985. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1988. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1994. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- ACTA, 1997. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.
- ACTA, 2000. Handeling van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : V&R Drukkery.
- ANON. 1925. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 16-17, Nov. 3.
- ANON. 1928. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 4-7, Maart 6.
- ANON. 1985a. Het 'n gelowige vrou belang by landsake? *Die Gereformeerde Vroueblad*: 10-11, Sept.
- ANON. 1985b. Wat van vrouens in die kerk? *Die Kerkblad*: 11, Jan. 16.
- ANTI HOED. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 15, Jul. 9.
- AUCAMP, A.F. 1949. Die vrou en haar roeping. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 3-4, Mei.
- BOËSEKEN, A.J. 1973. Die vrou in die Bybel en die vrou in die Kerk. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 13-14, April.
- BOOYENS, M.J. 1976a. Die vrou in die amp. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 6, Mei.
- BOOYENS, M.J. 1976b. Vrouestemreg in die kerk. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 8-9, Sept.
- BOOYENS, M.J. 1977. Oor Doppers, hoede en ... onbekeerlikheid. *Die Kerkblad*: 11, Febr.
- BOT, P. 1990. Tussen verering en verachting. De rol van de vrouw in de middel-eeuwse samenleving. Kampen : Kok.
- BOTHA, E. 1972. Die roeping van die Christenvrou in 'n rewolusionêre wêreld. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 12-19, Nov.
- BRITS, H. 1999. Verlos uit klooster, ingekluister. *Die Beeld*: 14, Apr. 15.
- COETZEE, D. 1985. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 4-5, Febr.
- COETZEE, J.C. 1975. Die posisie van die vrou in die kerk. *Woord en Daad*: 16-19, Nov.
- COETZEE VAN ROOY, S. 1999. GKSA. Diskriminasie teen vrou. *Die Beeld*: 8, Apr. 10.
- COMBRINK, S. 1994. Die PU vir CHO en die Teologiese Skool Potchefstroom uit die oogpunt van 'n vrou. *Die Kerkblad*: 41-43, Sept. 7.

- COYLE, J.K. 1993. The Fathers on women and women's ordination. (In Ferguson, E., ed. *Studies in early Christianity*. Vol 14. *Women in early Christianity*. New York : Garland Publishing. p. 7-169.)
- DE KLERK, J.C. 1957. Die vrou in die amp van die gelowige. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 14, Jun.
- DU PLESSIS, J.A. 1933a. Die Gereformeerde vrou II. *Die Kerkblad*: 522-524, Apr.
- DU PLESSIS, J.A. 1933b. Die Gereformeerde vrou VI. *Die Kerkblad*: 624-626, Jun.
- DU PLESSIS, J.A. 1933c. Die Gereformeerde vrou VII. *Die Kerkblad*: 652-654, Jul. 5.
- DU PLESSIS, J.A. 1933d. Die Gereformeerde vrou VIII. *Die Kerkblad*: 677-678, Jul. 19.
- DU PLOOY, J.M. 1959. Gedenkboek. Die Gereformeerde vrou 1859-1959. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- DU TOIT, J.D. 1916. De positie van de Vrouw. *Die Kerkblad*: 2-4, Feb. 15.
- DU TOIT, J.D. 1932. Reusagtige vraagstukke. *Die Kerkblad*: 503-504, Feb. 17.
- DU TOIT, J.D. 1935. Kerklike posisie vir die vrou. *Die Kerkblad*: 354-355, Nov. 20.
- DU TOIT, S. 1945. Moet die Gereformeerde vrou haar stemreg uitoefen? *Die Kerkblad*: 11-12, Jun. 9.
- ERASMUS, D.F. 1945. Perskommentaar. *Die Kerkblad*: 13-14, Febr. 9.
- GIDDENS, A., ed. 1994. Introduction. (In Giddens, A., ed. *The polity reader in gender studies*. Cambridge : Polity Press. p. 1-4.)
- GKSA-OUDERLING. 1999. Slim retoriek en kerkverwelk. *Beeld*: 10, Apr. 17.
- GRENZ, S.J. 1995. *Women in the church*. Downers Grove : Intervarsity Press.
- GROBLER, D. 1985. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 29, 34, Maart 13.
- HATTINGH, J. 1962. Die plek en die taak van die vrou in die kerk. *Die Kerkblad*: 8-10, Feb. 27.
- JACKSON, N. 2000. Beroeping van kerkraadslede diskrimineer. Omdat GKSA nie vroue oorweeg. *Die Beeld*: 18, Nov. 10.
- KEMPF, D. 1978. Kleredrag en kerkhoed. *Die Kerkblad*: 9, Nov. 15.
- KROEZE, I. 1999. Hartseerste ding van enige kerk. *Beeld*: 14, Apr. 15.
- KRUGER, B.R. 1949. Die betekenis van die vrou vir die hedendaagse lewe. *Die Maandbode*: 14-16, Maart.
- KRUGER, H.F.V. 1947. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 13, Jul. 4.
- KRUGER, S. 1933. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 408-409, Febr. 1.
- MALAN, C. 1976. 'n Bedekking vir my hoof. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 10, 11, Aug.
- MARTIN, F. 1988. *Call me blessed. The emerging Christian woman*. Grand Rapids : Eerdmans.
- POSTMA, 1959. 'n Verstandige vrou is van die Here. *Die Gereformeerde Vroueblad*. Eeufeesuitgawe: 15-16.
- POTGIETER, C. 2000. Ons verantwoord aan God, nie sinodes nie. *Beeld*: 10, Jan. 25.
- RINA. 1951. Die getroude vrou wat uitwerk. *Die Maandbode*: 11-13, Okt.
- ROOS, P.G. 1908. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 9, Aug. 1.
- TUCKER, R.A. 1992. *Women in the maze*. Downers Grove : Intervarsity press.
- VAN DER LINDE, G. 1999. Rus kerk lidmaat hiervoor toe? *Beeld*: 10, Apr. 20.
- VAN DER SCHYFF, O.J. 1927. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 15, Maart 15.
- VAN DER SPOEL, S. 1999. Studeer jare om wiel uit te vind. *Beeld*: 8, Apr. 16.
- VAN DER VYVER, L. 1959. 'n Verstandige vrou is van die Here. *Die Gereformeerde Vroueblad*. Eeufeesuitgawe: 15-16.
- VAN DER WALT, H.S. 1928. Korrespondensie. *Die Kerkblad*: 484, Maart 20.
- VAN ZYL, A. 1979. Die beroepsvrou is onmisbaar. *Die Kerkblad*: 4, Okt. 17.

- VERHOEF, M. 2000. Vrouegedagtes oor die vrou. *Die Gereformeerde Vroueblad*: 5-7, Maart.
- VORSTER, J.L. 1947. Die bruid van Christus en haar kleed. *Die Maandbode*: 11-12, Junie.
- WILKENS, W.J. 1991. Submitting the neck of your mind: Gregory the great and women of power. *The Catholic Historical Review*, 77(4):87-98, Okt.

Kernbegrippe:

ampte/besondere dienste
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
vrou: posisie en rol van

Key concepts:

particular offices/services
Reformed Churches in South Africa (GKSA)
women: position and role of